Lede tree op na afgestelde AJV

Bron: Webredakteur
Datum: 24 Februarie 2008

Die Algemene Jaarvergadering van die SABT, wat vir 23 Februarie belê was, het nie plaasgevind nie.

Dit is op ‘n tegniese punt nietig verklaar omdat lede nie die sakelys 30 dae voor die AJV – soos wat die grondwet vereis – ontvang het nie. Tydens besprekings het dit egter aan die lig gekom dat daar ernstige tweespalt in die Raad is wat dit vir lede onmoontlik gemaak het om nog doeltreffend te funksioneer.

Na konsultasie het teenwoordige lede besluit om met ‘n informele vergadering voort te gaan in ‘n poging om die situasie te beredder. Hulle het Lukas van Vuuren versoek om as voorsitter op te tree. Die ooreengekome doelwitte van die vergadering was om:

- Lede se ernstige kommer oor die situasie aan die Raad oor te dra;
- Lede wat teen groot koste vêr gereis het (ook van die buiteland) die geleentheid te bied om insette te lewer;
- Rigtingewende besluite aan die huidige SABT-Raad oor te dra ter oplossing van bestaande probleme met die belange van die Boerboel en die SABT as die enigste prioriteite.
- Om te verseker dat ‘n behoorlik-gekonstitueerde AJV (60 dae kennisgewing van vergadering en 30 dae beskikbaarstelling van sakelys) so gou doenlik belê word.

Die Voorsitter het gesê hy is teleurgesteld dat die tweespalt onder SABT-raadslede na die AJV oorgevloei het en ‘n krisis en verleentheid vir die Vereniging veroorsaak het. Hy het ‘n beroep op alle lede gedoen om deel te neem aan pogings om ‘n uiters negatiewe situasie in ‘n positiewe een te verander. Die enigste vertrekpunt moet die bevordering van die belange van die Boerboel wees.

Lede het aangedring dat die sentiment van ‘n mosie van wantroue aan die SABT-raad en ook aan lede, wat nie by die vergadering teenwoordig was nie, oorgedra word. Hulle is van mening dat die tweespalt onder lede so diepliggend is dat die enigste oplossing is dat hulle bedank en dat die Vereniging van nuut begin.

Die redes en aard van die probleme wat Raadslede ondervind is nie toegelig nie. Raadslede (waarvan die meerderheid die vergadering bygewoon het) het egter erken dat daar ‘n ‘fundamentele probleem’ met die leierskap van die organisasie’ is. Agt lede het aangedui dat hulle voornemens is om te bedank.

Die uiteinde van die vergadering was dat Lukas van Vuuren ‘n dringende Raadsvergadering sal aanvra, waartydens hy as voorsitter en bemiddelaar sal optree.

Ter opsomming is voorstelle, wat lede glo die probleme wat in die SABT ontstaan het, sal aanspreek:

- Elektroniese verkiesings met voorsiening vir lede wat nie e-pos het nie;
- Verkiesing van Raadslede vir die onderskeie streke deur hulle eie lede;
- ‘n Kleiner Raad en meer verteenwoordigers in die streke.
- Hersiening van die verpligtinge van die Uitvoerende Komiteelede;
- Verbeterde kommunikasie in die bestuur onderling en met lede – insluitend gereelde terugvoer oor aktiwiteite en besluite in die loop van ‘n jaar.

Lede sal op die hoogte gehou word van die verdere bestuur van die situasie. Die SABT-kantoor sal die volledige notule van die informele vergadering aan lede wat e-pos het stuur. Dit sal saam met die kennisgewing van die nuwe Algemene Jaarvergadering aan lede wat nie sodanige fasiliteit het nie, gepos word.